Op grond van die groot ontferming van God

Romeine 8:12-16, 12:1-8

https://boxhillbaptist.org.au/2017/10/27/models-of-the-church-servant/

I

Die week-teks lui: “Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God” (Romeine 8:14).

In die eerste elf hoofstukke van die Romeine-brief verduidelik Paulus die wonderlike ding dat ons, ook ons wat nie direkte afstammelinge van Abraham – dus Jode – is nie, tog deel geword het aan die Verbond van God met Israel, dat ons erfgename van die verbondsbeloftes geword het. Ons is kinders van God. Ons is deel van sy huisgesin. Ons kan vir God “Abba” sê, met vrymoedigheid óns Vader noem ... dit staan vas.

Dat ons ingesluit is in God se Verbond met ons, erfgename geword het van al die beloftes van hierdie verbintenis, dit staan vas. Dit het reeds gebeur, onherroeplik. Dit het gebeur toe ons gedoop is en God sy beloftes aan ons bevestig het. Daarom hoef ons nie meer bang te wees vir oordeel en straf nie, of dat God ons uit sy huisgesin sal skop nie. Ons is nie soos slawe wat dit hoef te probeer verdien om soos 'n kind behandel te word nie. Ons is bevry van wette wat ons slaafs moet volg om ons verlossing mee te verdien. Ons is God se kinders. Hy is ons Vader. En dit uit genade alleen!

Hierdie heerlike waarheid verduidelik Paulus oor en oor in Romeine 1-11. Hy verwonder hom oor dié genade. Hy noem dit God se "groot ontferming".

II

Hoe kan ons so seker wees van God se ontferming, seker dat die genade-aanbod ook aan my gemaak word? Paulus sê ons moet ons hierin deur die Heilige Gees laat lei. Die Heilige Gees is spesiaal gestuur om ons hiervan te oortuig. Die Heilige Gees is die Vader en die Seun se teenwoordigheid by ons, in ons. Die Heilige Gees getuig oor Christus en sy verlossingswerk, en die Heilige Hees gebruik die Woord van God om ons daarin te oortuig. Maar die Gees werk ook in ons, skenk die geloof in ons harte in, maak ons oë oop vir die verlossing wat God aanbied, help ons om dit te glo en dan uit te roep: "Abba", dit is Vader. Dis die Gees wat ons oortuig dat Christus deur sy kruis en opstanding ons kinders van God gemaak het. Uit genade alleen.

Hoe die Gees dit doen, weet ons nie heeltemal nie. Die Gees waai soos die Gees wil, war en hoe weet ons nie. Dis soos 'n misterieuse werking, 'n influistering, 'n oortuiging – maar dis 'n kragtige werking wat ons eintlik nie kan weerstaan nie. Dat die Gees egter wel in ons werk, ons help glo, ons oortuig dat ons kinders van God is, dit staan vas. En juis daarom, omdat dit nie óns is wat self "Abba" uitroep nie, maar die Gees wat ons dit laat uitroep, selfs namens ons roep, daarom is dit so 'n groot genade-ding, 'n onverdiende geskenk, "groot ontferming". Aan die einde van Hoofstuk 11 kan Paulus nie ander as om in verwondering daaroor 'n loflied aan te hef nie: "O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë..." (Romeine 11:33-36). Ons kan nie God se genade verstaan nie; sy onverdiende ontferming vir ons is groter as wat ons kan sê of dink.

III

Maar beteken dit nou, vra Paulus meermale, dat ons nou maar kan doen wat ons wil, sondig soos ons natuurlike begeertes ons ook al lei, want ons verlossing staan mos vas, ons is mos reeds kinders van God?!

Nee, beslis nee, sê Paulus. Vanaf die tweede deel van sy boek Romeine (hoofstuk 12 -16) spel hy dan uit hoe kinders van God se lewe behoort te lyk, hoe hulle nuut moet leer leef en dink, juis op grond van God se groot ontferming oor hulle. Dit beteken nou dat ons ons hele lewe daaraan moet toewy, soos om jouself as lewende offer aan te bied, om nou te leef en te doen en te dink soos kinders van God. Ons moet ons nuwe identiteit as God se kinders uitleef, dit moet ons hele lewe stempel. Ons moet daaraan uitgeken kan word, oral en altyd. Hierdie dink en leef soos kinders van God, is die kern, die wensenlike van ons godsdiens. Nie as ‘n nuwe stuk verdienste nie, maar uit dankbaarheid, uit erkentlikheid vir God se groot ontferming. “En nou doen ek ‘n beroep op julle, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van julle godsdiens wat julle moet beoefen. ” (Romeine 12:1 – vandag se preek-teks).

IV

En dan begin Paulus om ‘n hele lys van dinge te noem wat ons nou, as kinders van God, op grond van sy groot ontferming, moet wees en doen. Ek noem kortliks net die eerste vier kenmerke is die lang lysie wat Paulus gee

(1) Ons moet nie meer lyk en doen soos die wêreld lyk en doen nie – ons moet anders wees, sigbaar anders. Ons moet toelaat dat die Gees ons denke nuut maak – sodat ons anders oor dinge begin dink, vanuit God se genade daaroor dink. M.a.w. **dankbaarheid** moet ons denke rig en bepaal.
(2) Maar ons moet ook toelaat dat die Gees ons denke so verander dat ons sal regkry om te verstaan wat God se wil is, watter optrede en watter prioriteite sy hart bly sal maak. Die Gees moet ons **onderskeidingsvermoë** gee, geestelike wysheid, ‘n verstaan van wat God wil; daarvoor moet ons die Gees voortdurend vra ... en toelaat om dit in ons te werk. Veral ook deesdae, waar ons so ‘n dringende behoefte aan onderskeidingsvermoë het.
(3) Ons moet leer om minder van onsself te dink, veel meer **nederig** te wees, beskeie oor onsself. Waarskynlik is dit die moeilikste skuif wat die Gees in

ons denke en optrede sal moet maak. Maar juis daaraan word kinders van die Here uitgeken.

(4) Ons moet leer om te vra: watter bydrae kan ek maak in die koninkryk of in die gemeente. Hoe kan ek ander tot nut wees, ander bemoedig, hoe kan ek my gawes en talente tot nut van die liggaam van Christus gebruik? **Diensbaarheid,** daaraan word kinders van God se lewens uitgeken.

V

Mag dít hierdie vier prioriteite wees waarmee ons die nuwe jaar ingaan. Dit alles uit dankbaarheid en “op grond van God se groot ontferming” – omdat Hy ons sy kinders gemaak het, onverdiend.